

Donderdag 18 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 32

Fokusgedeelte: Psalm 130:4; HK Sondag 21, Antwoord 56

Die vergewing van sondes

As ons ons sondes in hulle veelheid leer ken het en ook die toorn van God daarvoor bemerk het, is dit vir ons van onuitspreeklike betekenis dat ons ook mag hoor dat al hierdie sonde om Christus ontwil vergewe is. Dan juig ons saam met Psalm 130: “Maar by U is daar vergifnis ...” Die weldaad van die vergewing van sondes word dan elke dag ’n nuwe wonder wat ons nie sou kon glo as God se Woord dit nie gesê het nie. Nou staan dit in sy Woord: “By U is daar vergifnis.” Hy was my sondes weg met die bloed van Christus (Op. 1:5; 7:14). En nie net my sondes nie, maar ook my sondige aard. God vergeef nie net die sondes wat ek doen nie, maar ook my inherente sondige neigings.

Hierdie vergewing geskied beslis nie vanweë ons goeie hoedanig-hede nie. Nee, dit geskied alleen op grond van die voldoening van Christus. As ons die kruis van Christus wegredeneer of uitskakel, is alle vergewing van sondes ’n absolute onmoontlikheid. Daarom weet ons: Die wonder van die vergifnis van sonde spruit voort uit die versoening van Christus aan die kruis. Christus het al ons sondes op Hom geneem sodat Hy voor God een stuk sonde was. Hy het ook helse smarte verduur – in ons plek! Maar omdat Hy vir ons sondes geboet het, kan ons nou kwytgeskeld en vergewe word (2 Kor. 5:19). Nou kan ons oortredings van ons verwyder word so ver as die ooste verwyder is van die weste (Ps. 103:12). Om Christus ontwil vergeef God ons radikaal – al ons sondes. Ook die wyse waarop Hy vergewe, is radikaal: Hy vergewe so dat Hy dit vergeet. Hy sê immers by monde van Jeremia (31:34): “Ek sal hulle oortreding vergewe en aan hulle sondes nie meer dink nie.”

So ’n wonderlike weldaad van God kan ons nie koud en sonder ontroering laat nie. Dit moet ons bring tot ’n lewe van ware dankbaarheid in die diens van die Here. Dit is ook wat die digter van Psalm 130 bedoel het as hy sê: “Maar by U is daar vergifnis: daarom word U steeds gedien.”

Die wonder van die vergewing van sondes moet ons dus aanspoor om die Here met ons hele hart te dien en te eer en sy gebooie te gehoorsaam. Christus moet al hoe meer gestalte kry in ons lewens. So sal die egte geloof aan die vergewing van sondes ons besiel en ons lewe vul met ’n heilige, dinamiese aksie tot eer van God.